

H O O F S T U K 4.DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING IN  
INDIËRSKOLE IN NATAL.

In hoofstuk 3 is kortliks gewys op die ontwikkeling van Indiëronderwys in Natal. Waar hierdie ondersoek spesifiek oor die Liggaamlike Opvoeding handel, is dit nodig dat daar ook gelet moet word op die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoeding in Indiërskole. Alvorens hierdie aspek nie behandel is nie, sal die situasie, soos dit tans daar uit-sien, nie ten volle begryp word nie.

Soos reeds in hoofstuk 3 aangetoon, was die ontwikkeling van Indiëronderwys in Natal 'n lang-same proses wat eers na die Tweede Wêreldoorlog begin versnel het.

A. 1. Periode 1889 - 1909.

Die vroegste verwysing na Liggaamlike Opvoeding in Indiërskole word deur Kannemeyer <sup>1)</sup> gemaak. Hy meld dat daar in die periode 1889 - 1892 heel-wat aandag gegee is aan „Physical training“ in die primêre skool van eerwaarde Barret. Kuppusami <sup>2)</sup>

/meld .....

- 
- 1). Kannemeyer: Critical survey of Indian education in Natal, p. 109  
2) Kuppusami: Indian education in Natal 1860-1946, p. 55

meld dat in bykans alle Indiërskole (primêr), Liggaamlike Opvoeding 'n verpligte vak was. Naude <sup>1)</sup> meld ook dat „baie aandag aan liggaams- oefeninge gegee is“. Na die voltooiing van die primêre skoolloopbaan, was daar nie geleentheid vir deelname aan georganiseerde Liggaamlike Opvoeding nie. Behr <sup>2)</sup> verwys ook na Liggaamlike Opvoeding in die skole, te wete die primêre skoolleerplan van 1909 wat onder meer „gimnastiek“ ingesluit. Hierdie sogenaamde „gimnastiek“ en die „Physical training“ van Kannemeyer waarna hierbo verwys is, is heelwaarskynlik liggaamsoefeninge. Naude <sup>3)</sup> bevind dat sang, drill, naaldwerk, tekene, voetbal en krieket reeds in 1901 byvakke was. Die sogenaamde „drill“ waarna verwys is, is heelwaarskynlik afgelei van die Engelse „drill“ en wat dui op 'n vorm van formele liggaamsoefeninge.

Geen verdere verwysing na Liggaamlike Opvoeding as skoolvak word aangetref na 1909 tot en met

/1925 .....

- 
- 1) Naude: Indiërs en Indiëronderwys in Natal en Transvaal. 'n Historiese en kritiese studie, p. 162  
 2) Behr, et al.: Education in South Africa, p. 336  
 3) Naude op cit, p. 162

1925 nie en daar moet dus aanvaar word dat die posisie staties gebly het.

## 2. Periode 1925 - 1966.

Verslae van die Direkteure van Onderwys van Natal vir die periode 1925 tot en met 1966, onthul die volgende:

In 1925 berig die toenmalige Superintendent van Onderwys van Natal, Hugh Bryan,<sup>1)</sup> dat daar 'n besliste behoefte in nie-Blanke (Bantoe en Indiër) skole bestaan aan Liggaamlike Opvoeding. Of daar veel aan die verklaarde behoefte gedoen is, is te betwyfel, want in die daaropvolgende jaarverslae van Direkteure, word geen melding gemaak van die instelling van Liggaamlike Opvoeding as skoolvak nie. Eers teen 1937 rapporteer John H. Lawlor,<sup>2)</sup> hoofinspekteur van skole in Natal, dat die meeste skoliere ondervoed is en hy beveel aan dat daar ondermeer op skool klem gelê moet word op 'n gesonde leefwyse. In hierdie verslag word daar

/nie .....

- 
- 1) Direkteur van onderwys van Natal: Jaarverslag 1925, p. 14.  
 2) Direkteur van onderwys van Natal: Jaarverslag 1937, p. 29

nie melding gemaak van Liggaamlike Opvoeding nie, terwyl 'n volledige uiteensetting van die vordering van alle ander skoolvakke gegee word. Dit sou nie onvanpas wees om aan te neem dat die vak as sulks nog nie in hoërskole bestaan het nie, dog dat dit wel beoefen was in sekere primêre skole.

In 1939 word 'n sogenaamde „Organiseerder van Liggaamlike Opvoeding“ deur die Natalse Onderwysdepartement aangestel wat ook omgesien het na Indiërskole. Hierdie pos was die eerste van sy soort in Natal.

In die jaarverslag van die Hoofinspekteur van Indiëronderwys van 1944, <sup>1)</sup> word die vak Liggaamlike Opvoeding onder 'n aparte hoof behandel, soos dit die geval is met ander skoolvakke, en hy rapporteer soos volg:

„In die afgelope jare is veronderstel dat Liggaamsoefeninge in sy regte verband die grondslag van die skool se aktiwiteite behoort uit te

/maak. ....

---

1) Direkteur van onderwys van Natal: Jaarverslag 1944, p. 21.

maak. Hoewel liggaamlike opvoeding grotendeels opvoedend en ontspannend van aard is, is hy daarop gemik om eerstens voorkomend en dan indien nodig, verhelpend te wees. Onderwysers wat in Opleidings-klasse of gedurende vakansiekursusse onderrig in die nuwe tegniek van Liggaamlike Opvoeding ontvang het, lewer goeie werk in goedgekeurde inrigtings, maar ander - weliswaar 'n verminderde aantal - het nog nie die streng formele drilles ten gunste van die natuurliker vorms van oefening, wat tans elders aangewend word, laat vaar nie. Weens die beperkte speelterrein is werkstoestande dikwels beknop en dit word vererger deur volharding met 'n tradisie waarvolgens die eerste periode van die dag aan hierdie vak gewy word en sluiting van die oë vir die feit dat baie van die leerlinge reeds lang afstande na die skool gestap het en rus nodig het alvorens Liggaamsoefening te doen. Beter roosters sal voorkom dat die hele skool tegelyk besig is om te dril."

Voorts word daar ook in hierdie verslag verwys na die rol wat "aktiwiteite buite die Kurrikulum" speel en hier word spesifiek op die belangrikheid van sportafrigting gewys.

/Omdat .....

Omdat daar in 1944 nog geen permanente onderwyskollege bestaan het nie, is die verwysing in bostaande saanhaling na „opleidingsklasse” onduidelik. In 'n onderhoud met die Inspekteur van Liggaamlike Opvoeding van die Natalse Onderwysdepartement (die toenmalige „Organiseerder”), wys hy daarop dat daar periodiek vakansiekursusse vir diensdoende onderwysers in Liggaamlike Opvoeding georganiseer is. Tydens hierdie kursusse is elementêre werk behandel. Inagnemend van die taalgebruik, is die verwysing na „goeie werk in goedgekeurde inrigtings”, inderdaad bedoelend dat goeie werk gelewer is by inrigtings waar daar van hierdie kursusgangers skoolgehou het.

Die gebruik, soos in die 1944 verslag gemeld, om die eerste periode van die skooldag af te sonder vir 'n massa-deelname aan liggaamsoefeninge, en wat deur die toenmalige Hoofinspekteur gekritiseer word, is bykans 'n kwarteeu later nog steeds die gebruik by baie Indiërskole. Deels na aanleiding hiervan in 'n omsendbrief aan hoofde van alle Indiërskole uitgestuur om 'n einde te maak aan die

/wanpraktyk. ....

wanpraktyk.<sup>1)</sup>

Gedurende die jare 1950, 1956 en 1957 meld Direkteure van Onderwys in hul jaarverslae slegs dat daar vakansiekursusse in Liggaamlike Opvoeding vir onderwysers gehou is, dog daar word geen melding gemaak of verslag gegee oor die vordering in die vak nie. In die 1957 verslag word gemeld: "Daar is egter nog baie skole - veral in die buite-distrikte - waarin daar geen onderwyseresse is om verantwoordelikheid vir kleinkinderklasse of naaldwerk en Liggaamlike Opvoeding vir meisies, te aanvaar nie."<sup>2)</sup>

Hierdie verslag skep die indruk dat die behoefte aan spesiaal opgeleide personeel net by die meisies bestaan het. Feit is egter dat daar in 1957 nog nersens in S.A. 'n opvoedkundige inrigting vir Indiërs was waar Indiëronderwysers spesiaal opgelei is in Liggaamlike Opvoeding nie. Soos later sal blyk, was die opleiding by die Springfieldse Onderwyserskollege uiters beperk.<sup>3)</sup>

/Die .....

- 
- 1) Afdeling onderwys: Omsendbrief I.E. 35, 15 Maart 1968.
  - 2) Direkteur van onderwys van Natal: Jaarverslag 1957, p. 13
  - 3) Levine: The story of Springfield, pp. 80 - 85

Die personeel wat die vak op skool aangebied het, was of daartoe verplig of weens hulle beperkte kennismaking tydens 'n vakansiekursus, die beste daarvoor toegerus, of hulle het tydens hul onderwysopleiding op 'n beperkte vlak daarmee kennis gemaak.

Afgesien van enkele verwysings na sport in die jare 1958 - 1964 onder die hoof "Buite-kurrikulum - bedrywighede", word daar sedert 1957 tot en met die oornome van Indiërsonderwys deur die Departement van Indiërsake in 1966, nie weer melding gemaak van Liggaamlike Opvoeding in Direkteursverslae nie. Ander skoolvakke word egter volledig bespreek.

Dit lei geen twyfel nie dat die vak Liggaamlike Opvoeding in Indiërskole 'n sukkelbestaan gevoer het en vir bykans alle praktiese doeleindes nie bestaan het nie. Behr <sup>1)</sup> som die situasie op deur daarop te wys dat, nadat Natal die onderwys van  
/ die .....

---

1) Behr, et al.: Education in South Africa, p. 369



die Indiër in 1894, onder sy vleuels geneem het, dieselfde leerplanne van primêre Blanke skole gebruik is vir primêre Indiërskole, dog die leergange van ooreenstemmende klasse was by die Indiër nie so omvattend as by die Blanke nie. Vakke soos Afrikaans, Musiek, Liggaamlike Opvoeding en Handwerk is òf nie aangebied nie òf slegs op 'n uiters beperkte vlak. (Hierdie stelling weerspreek in 'n groot mate Kuppusami <sup>1)</sup> se bevindings.)

Hierdie sukkelbestaan van Liggaamlike Opvoeding in Indiërskole is nie slegs toe te skryf aan onkunde aangaande die vak nie, maar daar was en daar is tans nog steeds 'n chroniese tekort aan opgeleide personeel op hierdie terrein. Dit is ook waar dat baie skoolhoofde onverskillig staan teenoor die vak. 2)

Die Indiër besef wel deeglik dat daar 'n leemte ten opsigte van Liggaamlike Opvoeding in die skole bestaan. Reeds in 1931 spreek Loram hom soos volg

/hieroor .....

1) Kuppusami: Indian education in Natal, pp. 55 - 56

2) Afdeling onderwys: Omsendbrief I.E. 35, 15 Maart 1968.

hieroor uit: "To be educated, a man and a race must have good character. They must make provision that mind and body receive proper recreation." 1)

### 3. Periode sedert 1966.

Met die oorname van Indiëronderwys deur die Departement van Indiërsake in 1966, word in Natal 'n Inspekteur vir Liggaamlike Opvoeding aangestel. In 'n toespraak wat hy lewer voor die 40<sup>e</sup> Jaarkongres van die "Natal Indian Teacher's Society" verklaar hy soos volg: "As you are aware nothing, or very little has been done in the field of Physical Education in our schools. It will take time for Physical Education to come into its own in our schools because we have no qualified teachers." 2)

Die behoefte aan Liggaamlike Opvoeding as skoolvak word beklemtoon deur 'n besluit op die 1967 konferensie van die "South African Indian Teachers Association." In 'n brief 3) aan die Direkteur van die Afdeling Onderwys, Departement Indiërsake, word

/daar .....

- 
- 1) Natal Mercury: Indian teachers' conference - farewell address by dr. Loram, p. 11
  - 2) Heckroodt: Physical education in Indian schools, pp. 75 - 77
  - 3) South African Indian Teacher's Association: Conference resolutions and administrative matters to be discussed at an interview granted by die director on Friday 25th August 1967 at 10 am., p. 8

daar onder meer spesifiek versoek dat Liggaamlike Opvoeding as 'n vak by alle hoërskole ingestel word. Hierdie is 'n aanduiding dat Liggaamlike Opvoeding tot en met 1967 nie 'n erkende hoërskoolvak was nie.

Met die aanstelling van 'n Inspektrise vir Liggaamlike Opvoeding in Natal en 'n Inspekteur en Inspektrise vir Transvaal, het die Dept. van Indiërsake bewys gelewer dat dit sy erns is om hierdie vak sy regmatige plek in Indiëronderwys te laat inneem. Die groot struikelblok egter was om opgeleide personeel aan skole te voorsien om die vak aan te bied.

Weens die feit dat daar nie onmiddellik personeel beskikbaar was nie en die skole nie toegerus was met apparaat of geriewe om die vak aan te bied nie, volg dit dat die vak onder die nuwe bedeling, groeipyne ondervind het. Die enigste inrigting wat op daardie stadium (1966) onder beheer van die Afdeling Onderwys van die Dept. van Indiërsake gestaan het, en wat reeds die vak op 'n wye terrein aangebied het, was die M.L. Sultan Tegiese Kollege.

4. Liggaamlike Opvoeding aan die M.L. Sultan  
Tegniese Kollege.

Soos in hoofstuk 3 aangetoon, is die M.L. Sultan Tegniese Kollege in 1946 verklaar tot 'n inrigting vir Hoër Onderwys. Negentien jaar later, word Ministeriële <sup>1)</sup> goedkeuring verleen vir die stigting van 'n Afdeling vir Liggaamlike Opvoeding. Op die tydstip sou dit die vyfde Afdeling van die Kollege word. Die ander Afdelings is: Handel, Huishoudkunde, Tegnologie en Spyseniers.

Met die toevoeging van die Afdeling vir Liggaamlike Opvoeding tot die Kollege, is daar besluit dat alle voltydse studente twee periodes per week onderrig in Liggaamlike Opvoeding sou ontvang. <sup>2)</sup>

Die eerste voltydse personeel het bestaan uit twee Blanke mans en 'n Blanke dame. Ofskoon hulle nie akademies gekwalifiseerd was vir hul werk nie, het twee van hulle baie jare ervaring

/gehad .....

- 
- 1) Sekretaris: Brief 19/4/3/1 van 17 Februarie 1965.  
2) M.L. Sultan Technical College: Division of physical education, annual report, 1964

gehad as gimnastiekafrigters aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege en die Johannesburgse Wanderersklub. Daar die werk van die Afdeling vir Liggaamlike Opvoeding veel omvattender sou wees as slegs gimnastiekafrigting, is daar in 1965, met die totstandkoming van die Afdeling, 'n visehoof in beheer aangestel.

Teen 1966 het die werk van die Afdeling so toegeneem dat die voltydse personeel reeds vier was met 'n deeltydse personeel van twaalf.

Met die voltydse studente is alle aspekte van die praktiese Liggaamlike Opvoeding behandel terwyl gespesialiseerde kursusse op 'n deeltydse basis vanaf 5 nm. tot 8 nm. aangebied is.

Met 'n klein begin in 1964 van 388 deeltydse studente in aktiwiteite wat onder meer behels het Judo, Gewigoptel, Fiksheidsklasse, Tennis, Pluimbal, Boks Trampolien en Tafeltennis, groei die Afdeling in 1967 tot 1,788 studente met 'n voltydse personeel van 7 (almal Blankes) en 'n deeltydse personeel van 21 (waarvan twee judo-afrigters Kleurlinge is en 'n Indiër gewigoptel-afrigter). Die aktiwiteite wat aangebied is,

/het .....

het ook toegeneem van die aanvanklike 8 tot meer as 15.

Die persoon wat hom veral beywer het vir die totstandkoming van die Afdeling, was die toenmalige Rektor. Soos later in hierdie hoofstuk aangetoon sal word, is hy ook die persoon wat hom beywer het vir die skepping van opleidingsgeriewe vir onderwysers in Liggaamlike Opvoeding.

Die bloeitydperk wat Liggaamlike Opvoeding aan hierdie inrigting beleef het, is betekenisvol. Dit is veral betekenisvol dat die deeltydse studentetal met ongeveer 450% toegeneem het. Dit is 'n weerspieëling dat die behoefte by die Indiër bestaan om aan aktiwiteite, wat die Liggaamlike Opvoeding hom bied, deel te neem. Hierdie geleentheid het hy nie op skool gehad nie.

#### B. Sport aan Indiërskole.

In die voorafgaande is daar hoofsaaklik op die rol van Liggaamlike Opvoeding in die skoolleerplan gelet. Sport maak 'n integrale deel van die Liggaamlike Opvoeding se praktyk uit, en dit sou onvanpas wees indien daar in hierdie studie nie ook gelet sou word op die ontwikkeling van sport aan Indiërskole nie.

/ Soos .....

Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk vermeld, is daar sporadies in verslae van Direkteure van Onderwys na sportafrigting en -deelname verwys. In hierdie verslae word hoofde van skole en personeel geloof vir die werk wat daar na skool gedoen word. Die hoofinspekteur van Indiërondewys in Natal in 1950, doen soos volg verslag <sup>1)</sup>: "Sport het 'n belangrike plek in ons Indiërskole begin inneem. Bykans elke skool neem aan 'n tussenskoolse atletiekbyeenkoms deel; voetbalwedstryde word gereeds gespeel en gedurende die jaar het 'n krieketspan van die Hoërskool Tongaat deur die noordelike distrikte getoer."

In 'n feesuitgawe getiteld "Century of Indians, 1860 - 1960"<sup>2)</sup> word daar onder meer gemeld dat atletiek veral 'n sportsoort is wat aangemoedig is onder skoolkinders en entoesiasties deur ouers ondersteun word. Voorts, berig die skrywer, dat skole 'n reuse aandeel het aan die organisasie van atletiekbyeenkomste en dat feitlik alle skole

/gereeld .....

---

1) Direkteur van onderwys van Natal: Jaarverslag 1950, p. 47

2) Century of Indians, 1860 - 1960: Spotlight on sport, pp. 203 - 212

gereeld atletiekbyeenkomste hou. Daar word voorts vermeld dat feitlik alle skole hul eie tennisbane het en dat sokker die eerste sportsoort was wat op 'n georganiseerde tussenskoolse basis gespeel is. In 1951 is daar vir die eerste keer 'n tussenskoolse krieketweek gereël.<sup>1)</sup>

Dit ly geen twyfel nie dat daar aan baie Indiërskole goeie werk gelewer is op die gebied van sport. Daar moet egter in gedagte gehou word dat, anders as in die geval van die Blanke, die sportbedrywighede van volwasse klubs en organisasies, nie op 'n hoë peil is nie. Gevolglik is die afrigtingstandaard op skool ook nie hoog nie. Voeg hierby dat daar voor 1968 geen opgeleide personeel in Liggaamlike Opvoeding was nie, dan is dit duidelik waarom die standaard nie hoog is nie. Waar sportafrigting geskied het, is dit gewoonlik aangebied onder leiding van die entoesias wat of deur eie deelname aan 'n spesifieke sportsoort, of deur waarneming, sy beperkte kennis oorgedra het aan

/die .....

---

1) Century of Indians 1860 - 1960: Spotlight on sport, pp. 203 - 212



die leerlinge. Die uiteinde van die saak is gewoonlik 'n onwetenskaplike oefenprogram <sup>1)</sup> en swak organisasie en administrasie van die sportsoort. <sup>2)</sup>

Daar word jaarliks provinsiale atletiekkampioenskappe vir Indiërskole gehou en daar word vryelik van „rekords” gepraat. Die norm vir die daarstelling van rekords, dien ook vermeld te word. Tydens die junior atletiekkampioenskappe van die „South African School Sports Association” wat in 1967 te Curries Fountain, Durban, gehou is, is daar byvoorbeeld nie van bane gebruik gemaak vir baannommers soos die 440 en 220 treë nie. Dit bring 'n mens tot die besef dat daar in baie opsigte nog 'n totale afwesigheid van standarde is.

'n Verdere voorbeeld: na afloop van die jaarlikse atletiekkampioenskappe van die Natalse Indiër Hoërskole wat onder beskerming van die „Natal High School Sports Association” gedurende die naweek

/van .....

---

1) Afdeling onderwys: Omsendbrief I.E. 35, 15 Maart 1968.

2) Ibid.

van 24 en 25 Mei 1968 te Kings Park Atletiekbaan in Durban aangebied is, laat 'n sportverslaggewer 1) hom soos volg uit oor sommige van die prestasies:

"The times listed as achieved by the competitors in the 100 metre sprint events at the school championships, and listed in the results on this page, are phenomenal for school children - and would be incredible even over the shorter 100-yards distance.

The results are official, however, and when Post asked Mr. Pat Samuels, president of the Natal High Schools' Sports Association if there had perhaps been a mistake in measuring the distance or in timing the competitors, he vouched for the correctness of the results.

Post however, does not ask its readers to accept that a 13-year-old schoolboy, for instance, is capable of a 10,4 sec. 100 metres - the Olympic qualifying time for this distance is 10,3 sec."

/Soos .....

---

1) Post: 3 National school's records are broken, p. 34

Soos duidelik blyk uit die vooragfaande, is selfs die sportverslaggewer skepties oor die resultate. Die President van die Sportsvereniging is egter oortuig daarvan dat die tyd en afstand "korrek" is.

C. Die opleiding van Indiëronderwysers in Liggaamlike Opvoeding.

Soos reeds vermeld, was daar teen 1967 nog geen ten volle gekwalifiseerde Indiëronderwysers in Liggaamlike Opvoeding nie. Die afwesigheid van opgeleide onderwysers moet teen die agtergrond van die algemene bekwaamheidspeil van Indiëronderwysers gesien word. Met die opening van die eerste jaar-kongres van die "South African Indian Teachers Association" op 5 Julie 1967 te Durban, het die toenmalige Direkteur van Indiëronderwys hom soos volg hieroor uitgelaat <sup>1)</sup>: "An unfortunate fact is that barely 40% of all teachers are adequately /qualified." .....

---

1) Indian teacher's annual conference, pp. 173-175

qualified." Teen hierdie agtergrond moet die probleem van die beskikbaarheid van gekwalifiseerde onderwysers gesien word.

Die inrigtings wat vir die opleiding van Indiëronderwysers in Natal verantwoordelik is, is die volgende: Springfield Onderwyserskollege, Universiteitskollege vir Indiërs en die M.L. Sultan Teghiese Kollege. (Almal in Durban geleë.) Die rol van elke inrigting met betrekking tot die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoeding is kortliks soos volg:

1. Springfield Onderwyserskollege.

Hierdie is die eerste inrigting wat in 1951 te Durban spesiaal opgerig is om Indiëronderwysers op te lei.

Uit onderhoude met die voormalige Rektor van hierdie inrigting, blyk dit dat Liggaamlike Opvoeding sedert die ontstaan van die Kollege in 1951, 'n integrale deel van alle onderwyserskursusse uitgemaak het. Daar is geen spesialisasie op die vakgebied gedoen nie, dog die tydstoekenning vir die vak is tans nog twee periodes per week. As in aanmerking geneem word dat hierdie inrigting nie

/oor .....

oor 'n gimnasium beskik nie en dat sportfasiliteite ontoereikend <sup>1)</sup> is, dan spreek dit vanself dat die opleiding van onderwysers op die gebied van Liggaamlike Opvoeding beperk is. Hierdie onderwysers moes, na voltooiing van hul primêre onderwyserskursusse, in baie gevalle Liggaamlike Opvoeding in primêre en sekondêre skole gaan aanbied.

Uit 'n onderhoud met die Inspekteur van Liggaamlike Opvoeding van die Natalse Onderwysdepartement blyk dit dat die vakansiekursusse wat hy vir Indiëronderwysers aangebied het, en waarna daar vroeër in hierdie hoofstuk verwys is, die volgende patroon gevolg het: Tydens die kursus het onderwysers onderrig ontvang in die gebruik van klein apparaat soos byvoorbeeld balanseerbankies, medisyneballe en tuimelmatte. Verder is ook veral aandag geskenk aan kleinterreinspele. Na afloop van so'n kursus, moes

/die .....

---

1) Levine: The story of Springfield, pp. 80-85

die onderwysers 'n eksamen aflê. Hierdie kursusse is aangebied om die tekort aan ten volle opgeleide leerkragte die hoof te bied.

## 2. Durbanse Universiteitskollege vir Indiërs.

Die Durbanse Universiteitskollege vir Indiërs het in 1961 tot stand gekom. Soos by die Springfieldse Onderwyserskollege, vorm Liggaamlike Opvoeding 'n integrale deel van die primêre- (P.O.D.) en hoër primêre (H.P.O.D.) kursusse.

Gedurende die eerste jaar van die P.O.D.-kursus is twee periodes per week in Liggaamlike Opvoeding verpligtend, dog drie periodes in Liggaamlike Opvoeding in die tweede jaar van die kursus, word as 'n keusevak aangebied. In die H.P.O.D.-kursus is twee periodes Liggaamlike Opvoeding en een periode Gesondheids onderrig per week in die tweede jaar voorgeskryf terwyl die student in sy derde jaar drie periodes Liggaamlike Opvoeding kan neem as 'n keusevak.

Met die aanstelling in 1968 van voltydse personeel in Liggaamlike Opvoeding aan hierdie inrigting is daar benewens die praktiese vakke, ook onderrig verskag in alle teoretiese vakke op die

/ gebied .....

gebied van die Liggaamlike Opvoeding.

Met die oprigting van die nuwe gebouekompleks van hierdie Universiteit, word daar voorsiening gemaak vir geriewe vir die opleiding van studente in die Liggaamlike Opvoeding en is daar reeds met die beplanning van die eerste graadkursus in Liggaamlike Opvoeding vir Indiërs begin.

### 3. M.L. Sultan Tegniëse Kollege.

Soos vroeër in hierdie hoofstuk vermeld, het daar in 1965 'n Afdeling vir Liggaamlike Opvoeding tot stand gekom. Daar hierdie inrigting die enigste Indiër onderwysinrigting was wat oor die nodige geriewe en personeel beskik het om spesialisasie-opleiding in Liggaamlike Opvoeding aan te bied, is 'n eenjarige spesialisasie-kursus in 1967 ingestel. Studente wat reeds 'n minimum van 'n tweejarige na-matrikulasie onderwyserskursus voltooi het, kon aansoek om toelating doen.

Benewens die praktiese opleiding, het studente ook onderrig ontvang in al die aanverwante teoretiese vakke. Die kursus het bestaan uit 'n onderrigweek van 35 uur. In die eerste jaar wat die kursus aangebied is, slaag daar 14 mans- en een damestudent.

/In .....

In 1970 word verlot aan die Kollege toegestaan om ook 'n driejarige onderwyskursus in Liggaamlike Opvoeding in te stel. Die eenjarige spesialisasiekursus sou in 1971 ten einde loop.

### Samevatting

Dit is duidelik dat waar Indiëronderwys stadig ontwikkel het, die ontwikkelingsgang in die geval van Liggaamlike Opvoeding selfs nog stadiger was en op sekere stadiums glad nie waarneembaar nie. Vanaf 1860 tot en met 1966 is dit, as gevolg van karige verslae in hierdie verband van Direkteure van Onderwys in Natal, nie moontlik om 'n duidelike beeld te vorm waarom die vordering wat Liggaamlike Opvoeding op skool gemaak het, so gering was nie.

Die moontlike en voor die hand liggende rede is dat die opleiding van onderwysers op hierdie terrein nie die nodige aandag geniet het nie. Soos verder blyk uit gegewens in hierdie hoofstuk, was daar skoolhoofde wat nie die vak goedgesind was nie, gevolglik is die belangstelling van die leerling ook nie gestimuleer nie. Dit het egter

/ ook .....



ook duidelik geblyk dat daar 'n gevoel ontstaan het by die Indiër dat Liggaamlike Opvoeding as 'n skoolvak by hoërskole onontbeerlik is.

Met die skepping van opleidingsgeriewe en die aanstelling van toesighoudende personeel deur die Dept. van Indiërsake, skyn dit dat daar sedert 1966 positiewe stappe geneem is om die tekortkominge in die reïne te bring en die aanduidings is dat die agterstand wat daar tans bestaan in vergelyking met die Blanke, spoedig uitgewis sal wees.

-----oOo-----